# Revisiting the Reformation

# Geloof alleen

"Everybody is following somebody. Everybody has faith in something and somebody. We are all believers."
~ Rob Bell

Na die ete het Jesus vir sy dissipels gesê om solank in die skuit te klim en na die oorkant van die See van Galilea te vaar. Hy het die skare ook na hulle huise toe teruggestuur. Toe almal weg is, het Jesus alleen teen die berg opgeklim om te gaan bid. Daar het Hy tot laat in die nag gebly.

In tussen was die dissipels reeds ver uit op die see toe daar 'n storm opsteek. Groot golwe en 'n sterk wind van voor het dit vir hulle baie moeilik gemaak om te roei. Kort voor dagbreek die volgende môre het Jesus besluit om na sy dissipels toe te gaan. Hy het sommer op die water na hulle toe gestap. Toe die dissipels Hom sien, het hulle hulle morsdood geskrik. "'n Spook, 'n spook!" het hulle benoud uitgeroep.

Maar Jesus het hulle dadelik gerusgestel: "Bedaar. Dit is Ek! Moenie bang wees nie."

Petrus roep toe: "Here, as dit regtig U is, sê dan vir my om op die water na U toe te stap." "Waarvoor wag jy? Kom!" het Jesus geantwoord. Petrus het dadelik uitgeklim en op die water na Hom toe begin stap. Maar toe hy sien hoe sterk die wind is, het sy moed hom begeef.

Hy het begin sink. Hy roep toe benoud: "Here, red my!" Jesus het sy hand vinnig uitgesteek en hom uit die water opgetrek. "Hoekom is jou geloof so klein? Hoekom hou jy nie aan glo nie?" het Hy verwytend vir Petrus gevra. Hulle het daarna in die skuit geklim en die wind het skielik bedaar. Die dissipels wat in die boot was, het in eerbied voor Jesus neergeval. Hulle het Hom aanbid en gesê: "U is regtig die Seun van God!"

Matteus 14:22-33 Die Boodskap

But how can people call for help if they don't know who to trust? And how can they know who to trust if they haven't heard of the One who can be trusted? And how can they hear if nobody tells them? And how is anyone going to tell them, unless someone is sent to do it? That's why Scripture exclaims, A sight to take your breath away! Grand processions of people telling all the good things of God! But not everybody is ready for this, ready to see and hear and act. Isaiah asked what we all ask at one time or another: "Does anyone care, God? Is anyone listening and believing a word of it?" The point is: Before you trust, you have to listen. But unless Christ's Word is preached, there's nothing to listen to.

Romans 10:14-17 The Message

Die lewe is soos 'n wedloop. Op die pawiljoen het ons 'n skare mense wat voor ons met geloof en vertroue in God geleef het. Hulle moedig ons aan om gelowig vol te hou met die wedloop. Laat ons dan ontslae raak van enigiets wat ons hinder om die wedloop van die lewe behoorlik te hardloop. Dit is veral die sonde wat ons gedurig wil pootjie. Laat ons soos die ander gelowiges hardloop met alles wat ons het. Laat ons maar net die wedloop hardloop deur op Jesus te konsentreer.

Hy het vir ons gewys wat dit beteken om op God te vertrou en Hy sal ons tot aan die einde daarmee help, sodat ons geloof sal bly wat dit behoort te wees. Dink aan sy voorbeeld. Die skande en vernedering van die kruis was nie vir Hom te veel nie. Hy het dit alles verdra omdat Hy geweet het dat daar soveel blydskap daarna vir Hom wag. Kyk nou net, nou sit Hy op die ereplek by God in die hemel.

Hou Hom gedurig in gedagte. Dink aan alles wat Hy moes deurmaak, ja, aan al die slegte dinge wat die sondige mense aan Hom gedoen het. As julle sy voorbeeld volg, sal julle nooit moedeloos word en tou opgooi nie.

Hebreërs 12:1-3 Die Boodskap

**Ek word 'n dader van die Woord deur ...**